



PUT DIE MEESTE UIT JOU MEDIESE FONDS

Fondspremies raak elke jaar hoër, maar voor jy jou kom kry, is jou voordele uitgeput en moet jy self vir uitgawes hoës. Hier's raad Deur CHARLEA SIEBERHAGEN

DIS een van daardie vrae waaroor 'n mens net kan kopkrap: Wat word van al die duisende rande wat jy elke maand vir jou mediese fonds opdok?

Jy voel jy betaal deur jou nek, maar voor jy jou oë uitvee, is jou spaarrekening dolleeg, jou gestruktureerde voordele opgebruik en moet jy self vir al jou duur mediese behandelings betaal.

Die gewilde mediese fonds Discovery Health het onlangs aangekondig sy premies gaan aanstaande jaar met tussen 7,8 en 14,9 persent styg. Dié skokaankondiging laat 'n mens opnuut wonder: Hoe kan jy byhou?

Jy weet jy moet 'n mediese fonds hê, maar hoe kan jy dit rek sodat dit nie so vinnig uitgeput raak nie?

BESTUUR JOU SPAARPLAN REG

Sommige mediese fondse bied 'n mens 'n spaarrekening waarin 'n deel (tot 'n kwart) van jou maandelikse premie betaal word. Hieruit betaal die fonds dan vir jou medisyne en sommige mediese dienste, soos fisio- en spraakterapie, verduidelik Heinrich Haupt, 'n finansiële adviseur van Somerset-Wes.

Jy kan jou spaarrekening langer laat hou, verduidelik Sinenhlanhla Nzama, hoof van tegniese bemarking by Discovery Health. Jy hoef byvoorbeeld nie die volle bedrag vir 'n konsultasie of behandeling uit jou spaarrekening te betaal nie, want jy kan kies dat net die mediese-

fondstarief deur jou spaarrekening gedek word en jy self vir die res betaal.

“Dan sal jou mediese spaarplan langer hou en jy kan die geld vir die bybetaling van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens terugeis wanneer jy jou belastingopgawe indien, mits jou uitgawes genoeg is om te eis,” sê Sinenhlanhla.

Dit is ook raadsaam om nie in die eerste helfte van die jaar onnodig te veel van jou spaargeld te gebruik nie, sê Sinenhlanhla. Hou genoeg sodat jy later in die jaar geld oor het vir 'n noodgeval.

Beplan aan die begin van die jaar vir sekere gereelde uitgawes, soos jaarlikse ondersoeke of besoeke aan spesialiste soos ginekoloë of tandartse. “Probeer dit deur die jaar versprei sodat jy nie al jou spaargeld in die eerste paar maande uitgee nie,” sê Ricky Rohrbeck, 'n makelaar van Select Independent.

Probeer ook om, wanneer jou finan-

Op die duur kan 'n goeie verhouding met jou dokter jou baie geld bespaar

sies dit toelaat, kontant te betaal vir kleiner mediese uitgawes, pleks dat jy jou spaarrekening gebruik bloot omdat dit daar is, sê David Narun van Informed Healthcare Solutions. “Dit sal beteken jy hou jou spaargeld so lank moontlik en kan dit gebruik wanneer dit regtig dringend is en jy nie geld het nie.”

LEER KEN JOU ALGEMENE PRAKTISYN

“Natuurlik wil ’n mens ’n dokter hê wat jy vertrou en van wie jy hou. Maar as hulle so duur is dat jy liewer wil wegbly, baat dit jou niks,” sê Ricky. Baie mediese fondse bepaal dat lede van sekere (meestal goedkoper) planne net dekking kry as

Vind ook uit watter dienste jou algemene praktisyn lewer, want van hulle kan jou met prosedures help wat duurder is wanneer jy ’n spesialis daarvoor besoek. As dit wel nodig is om ’n spesialis te spreek, sal jou algemene praktisyn jou verwys.

BESPAAR OP MEDISYNE

“Op lang termyn is voorkomende sorg bekostigbaarder en ’n belegging in jou gesondheid,” sê Sasja la Grange, bevestigingsbestuurder van Bestmed. “Bly aktief, eet gesond en probeer gebalanseerd leef.”

Wanneer die onvermydelike jou tref, is een ding seker: Medisyne is nie goedkoop nie. Een manier om geld te spaar is om liewer generiese medisyne te gebruik. Dit is middels wat presies soos ’n duurder medisyne werk en dieselfde bestanddele bevat, maar net nie onder dieselfde bekende handelsnaam verkoop word nie.

“Vra jou dokter moet ’n generiese produk voorskryf as een beskikbaar is. Of vra jou apteker die generiese produk,” sê Sinenhlanhla. “Generiese medisyne is net so doeltreffend soos die oorspronklike produk, maar is gewoonlik heelwat goedkoper.”

As jy sekere medikasie maandeliks nodig het, kan jy om chroniese voordele aansoek doen, sê Bafhlile Mokoena van Bestmed. “Dan word die medikasie betaal uit jou voordeel vir chroniese medikasie, pleks van jou spaarrekening.” Jy moet wel eers uitvind of dit as chroniese medikasie gedek sal word en op jou mediese fonds se lys is van medikasie wat nie ’n bybetaling vereis nie.

OORLEEF DIE SELF-BETALINGSGAPING

As jou mediese uitgawes styg bokant waarvoor jou spaarfonds voorsiening maak, moet jy self betaal. Maar as jy ’n plan met “drempelvoordele” gekies het en jou uitgawes hou aan styg tot dit ’n sekere drempel oorskry, sal die mediese fonds dit weer begin dek terwyl jy min of niks hoef te betaal nie, verduidelik dr. Elsabé Conradie, woordvoerder van die Raad op Mediese Skemas.

Hoe gemaak wanneer jy jou in dié selfbetalingsgaping bevind? Jou uitgawes is te veel vir jou spaarplan, maar te min vir

KIES DIE REGTE MEDIESE FONDS

Dikwels kyk mense eerste hoeveel mediese versekering gaan kos, sê Jill Larkan, hoof van gesondheidsorgkonsultasie by die finansiëleadviseursgroep GTC. Maar daar is ook ander faktore wat ’n mens in ag moet neem. Is die betrokke fonds byvoorbeeld hoegenaamd betroubaar en stabiel? Bied dit jou die basiese dekking wat jy nodig het?

Voor jy besluit, kies ’n paar mediese fondse, bel elkeen en vra inligting oor hul voordele, die bydraes wat jy sal moet maak en dit waarvoor hulle nie betaal nie, sê dr. Elsabé Conradie van die Raad op Mediese Skemas. Jou mediese behoeftes verander ook met die jare – en boonop raak nuwe, aanlokliker produkte gedurig beskikbaar. Jy gaan bes moontlik nie jou lewe lank dieselfde mediese dekking nodig hê nie.

“Kliënte kan ook heeljaar hul plan afgradeer (na ’n eenvoudiger of goedkoper plan). In November en Desember kry jy kans om jou plan op te gradeer vir beter voordele as jy by dieselfde mediese fonds bly,” sê die finansiële adviseur Heinrich Haupt.

jou drempelvoordele ...

Onthou, jou mediese fonds kan jou selfbetalingsgaping groter maak as jy nievoorskrifmedikasie uit jou mediese spaarfonds betaal. As jy byvoorbeeld R100 se verkouemedisyne uit jou spaarfonds koop, sal sommige mediese fondse jou selfbetalingsgaping dienoreenkomsdig met R100 vergroot.

“Moet dus nie medikasie sonder voorskrif uit jou spaarrekening betaal nie,” sê David.

Nog ’n wenk: Gebruik diensverskaffers wat die aanbevole mediese fondstarief hef. Die mediese fonds betaal dalk die hele rekening, maar die bedrag waarmee die rekening die mediese fondstarief oorskry, word bygetel by die selfbetalingsgaping – wat hierdie gaping verder vergroot.

Om dié gaping te vul, stel David voor ’n mens dien alle strokies en fakture vir mediese uitgawes by jou mediese fonds in. “Doen dit, of jy dink dit gaan tel om die gaping te vul of nie. Ten minste sal jy so nie iets miskyk wat ingelewer moes gewees het nie.”

Boonop het jy dan reeds ’n rekord van ongedekte mediese uitgawes wat jy saam met jou belastingopgaaf by Jan Taks kan indien. ■



BESTUUR JOU SPAARGELD
Dis raadsaam om nie in die eerste helfte van die jaar onnodig te veel van jou spaargeld te gebruik nie. Hou genoeg vir ’n noodgeval later in die jaar.

hulle by sekere dokters of hospitale aanklop. Die mediese fonds sal jou ’n lys van sy netwerk gee.

En nadat jy ’n dokter gekies het, is dit die moeite werd om hom of haar metertyd goed te leer ken. Op die duur kan dié goeie verhouding jou baie geld bespaar.

’n Algemene praktisyn wat jou ken, sal makliker oor die foon met jou praat en vir jou sê of dit nodig is om spreekkamer toe te kom. Volgens Ricky sal ’n bekende dokter ook makliker vir jou ’n herhaling vir voorskrifte skryf sonder dat jy hoef in te gaan en ’n volle konsultasiefooi betaal.

Voor jy somer dokter toe gaan, bespreek jou simptome eers met ’n apteker, stel Ricky voor. Hierdie diens is gratis.

AA/FOTOSTOCK SA, ISTOCKPHOTO, COLLECT